**19 Oktober** **Skrifgedeelte: Matteus 21:28-32**
**Fokusgedeelte: Matteus 21:28-29**

## Twee seuns en twee gesindhede

Om die sonde van die Fariseërs in 'n duidelike lig te stel, vertel Jesus die gelykenis van 'n vader wat twee seuns gehad het. Toe hy vir die een seun sê om in die wingerd te gaan werk, het die seun botweg geweier – en tog later spyt gekry en gegaan. Toe hy dieselfde opdrag vir die tweede seun gee, het hy dadelik ingestem – maar nie gegaan nie.

Die seun wat "nee" gesê het en later spyt gekry het, is beeld van die tollenaars en prostitute, wat in sonde geleef het en hulle nie wou bekeer nie. Maar toe hulle deur Johannes die Doper vermaan is, het baie van hulle berouvol na God teruggekeer. (Dink maar aan Saggeus (Luk 19) en aan die vrou wat Jesus se voete met haar trane natgemaak het (Luk 7)!)

Die seun wat "ja" gesê het en dit nie gedoen het nie, is beeld van die Fariseërs wat kamtig gewillig was, en tog nie bereid was om na die woorde van Johannes die Doper te luister nie. (Vergelyk Matt 11:16-21 en Luk 7:29, 30.)

Dit is bedrieglik om voor te gee dat ons aan God gehoorsaam wil wees as ons nie in ons hart ook so voel nie. Die Here ken elke mens se hart en daarom moet ons optrede altyd met ons woorde ooreenstem!

*Sing: Psalm 119:63* *Dr. CJ Malan (Emeritus)*